



ADJUVANT

Aqua-Right® Reeks

Reg. Nr. L6205 Wet Nr. 36 van 1947
Reg. Nr. L6896 Wet Nr. 36 van 1947
Reg. Nr. L6895 Wet Nr. 36 van 1947

‘n Wateroplosbare buffer en nie-ioniese benatter byvoegmiddel vir spesifieke gebruik met landbouchemiese middels wat ‘n spesieke pH spuitoplossing benodig vir optimale werking.

Wat is Aqua-Right®:

- Die Aqua-Right® reeks byvoegmiddels is wateroplosbare buffers vir spesifieke gebruik met landbouchemiese middels wat ‘n pH rondom 3, 5 of 7 spuitoplossing benodig vir optimale werking.
- Aqua-Right® buffers bevat ook ‘n benatter en herbevoegtiger.
- Water is die primêre draer van landbouchemiese middels op gewasse en waterkwaliteit is grootliks verantwoordelik vir die effektiwiteit van baie landbouchemiese produkte.

Voordele van die Aqua-Right® Reeks:

- Aqua-Right® 3, 5 en 7 is ware buffers. ‘n Ware buffer stabiliseer die pH by ‘n verlangde waarde en weerstaan verdere versuring na ongewenste lae vlakke indien meer buffer bygevoeg word.
- Aqua-Right® 3, 5 en 7 skep ‘n stabiele omgewing, rondom die gekose pH waarde, vir die landbouchemiese middel in gebruik.
- Aqua-Right® 3, 5 en 7 voorkom alkaliese hidrolise van landbouchemiese middels en verleng daardeur die halfleeftyd van landbouchemiese middels in spuitmengsels.
- Aqua-Right® 3, 5 en 7 bevat nie-ioniese benatter om bedekking op die teikenoppervlak te verhoog. Dit verbeter ook opname van sistemiese landboumiddels.
- Aqua-Right® 3 en 5 bevat ‘n herbevoegtiger wat verdamping van druppels vertraag en opname van sistemiese landboumiddels bevorder.
- Aqua-Right® 3 en 5 verminder antagonisme van die landboumiddel(s) teenoor opgeloste soute in die spuitwater wat die effektiwiteit van die chemiese middels kan verlaag.

Hoe om die Aqua-Right® Reeks te gebruik

- Die Aqua-Right® reeks se dosisse word bepaal deur die aanvanklike kwaliteit van die water. Die kwaliteit van water wat vir bespuitings gebruik word kan krities wees om beste resultate van spuitmiddels te verseker.
- Aqua-Right® buffers word altyd eerste in die tenk gevoeg, voor die plaagdoders.
- Verwys altyd na die etikette van al die produkte wat in tenkmengsel met enige Aqua-Right® byvoegmiddel gebruik word.

Waar word die Aqua-Right® Reeks gebruik:

- Gebruik Aqua-Right® 3 waar plaagdoders ‘n baie lae pH vereis (bv. Ag-Tap) of met plaagdoders wat ‘n suur pH benodig waar die water hoë vlakke bikarbonaatsoute bevat (hoë bufferkapasiteit).
- Gebruik Aqua-Right® 5 met plaagdoders of voedingstowwe wat ‘n lae pH rondom 4.5 – 6.0 benodig (bv. piretroïed insekdoders).
- Gebruik Aqua-Right® 7 waar produkte ‘n neutrale pH benodig (bv. koper swamdoders of sulfoniëureum onkdruiders).

Waterkwaliteit pH	Dosis: mℓ /100ℓ water		
	Aqua-Right® 7	Aqua-Right® 5	Aqua-Right® 3
4-5	150 mℓ	50 – 75 mℓ	50 – 75 mℓ
5-6	100 mℓ		
6-7	50 mℓ	75 – 100 mℓ	150-250 mℓ
7-8	50 mℓ		
>8	100 mℓ	150 – 250 mℓ	

*Sien etiket vir verdere instruksies en inligting

Download our
Rolfes Agri App

www.rolfesagri.co.za

Rolfes Agri (Pty) Ltd (Reg. No. 1998/013411/07)
288 Mundt Street, Waltho, Pretoria
Tel: (012) 803-0145 • Fax: (012) 803-8418**Rolfes**
Agri